

wêreld gekom om daar te kom leer en dan die meester te sien werk.

Sir Archibald McIntoe se skielike dood in April 1960 is dan ook in alle kringe van die plastiese chirurgie betreur. Vir baie plastiese

chirurge was hy nie net 'n inspirerende leermeester nie maar ook 'n persoonlike vriend.

Die kliniek in East Grinstead staan as 'n monument vir die dinamiese gees van hierdie man.

DERMATOLOGIE IN BEELD

AFFODILLE-DERMATITIS

T. HEYL, M.B., CH.B. (PRET.)

Departement van Dermatologie, Karl Bremer-Hospitaal, Bellville

Dermatitis a.g.v. affodille is goed bekend,^{1, 2} dog nog nie in Suid-Afrika opgeskryf nie. Aantasting varieer van 'n eriteem van die gesig tot 'n uitgebreide vesikulêre, dikwels pustulêre dermatitis. Die gevalle wat onder ons aandag gekom het, het 'n interessante distribusie van die letsels getoon, nl. hande, gesig, nek, anterior buikwand, dye en genitalia, terwyl die holte van die arm waarin die blomme gedra is erger aantasting getoon het as die ander arm. Die waaie van die bene was nie aangetas nie. Opeenvolgende aanvalle met die jaarlikse Affodille-seisoen neig om progressief erger te wees. Plaktoetse met die stengel, stuifmeel en blom self het gevoeligheid teenoor die stengel (sap) aangetoon.

VERWYSINGS

1. Schwartz, L., *et al.*: *Occupational Diseases of the Skin*, 1957, Lea en Febiger, Philadelphia.
2. Palmer, W. H.: *Lancet*, 1934, 228 (ii), 755.

